# LENTE

## NUUSBRIEF



There is in
**all things**
a hidden
wholeness.

Thomas Merton

**INVIA GEMEENSKAP**

# VOOR*WOORD*

## Lente kom op kaalvoete. Sy het nie somer se selfversekerde warmte nie, maar iets kwesbaars – vertroue wat weer leer om oop te maak.

Lente is die eerste aarselende woord ná maande van stilte. Waar somer die volle koor lei, is lente die enkele stem wat weer waag om te sing. **Lente is die eerste sug van die aarde wanneer sy haarself onthou ná die slaap.**

Lente breek nie deur met geweld nie, maar strek stadig, soos iemand wat lank in die donker gelê het en nie weet of die lig haar nog sal onthou nie.

Parker Palmer sê **die seisoene leef in ons – as ritmes van die siel**. In die winter was ons gestroop. Die grond van ons binneste is oopgeploeg, nie vir die mooi nie, maar vir die moontlikheid van groei. Dis wat koue doen – dit bring jou terug na die kern. **Maar nou, nou draai die wêreld stadig oop soos ’n blom wat lank gewag het om te ontvou.**

Die son breek deur, en die siel onthou hoe dit voel om te groei, om te glo, om weer oop te maak.

*Die lig keer terug, en jy saam met dit.*



Wat God in die koue gefluister het, begin nou sigbaar blom – nie luid nie, maar duidelik vir dié wat oplet. Die bloeisels dra nou die geheime wat God in stilte kom plant het. Lente is nie 'n uitroep nie, maar 'n uitnodiging: om te sien wat stil gebore word.


**Ons staan verwonderd voor die nuwe lewe wat by InVia stadig ontvou.**

*– Theo*

# Heilsaam vordering

Teen hierdie tyd het julle sekerlik al gehoor dat InVia binnekort 'n **permanente tuiste** gaan kry, bekend as Heilsaam. Dit is 'n pragtige 4 hektaar grond wat baie van julle ken as die **Rosenview plaas**, waar die Bruwer-gesin jare lank gewoon het.

**Die naam is nie toevallig nie. Heilsaam beteken heelheid, en dit is presies wat ons hoop mense daar sal ervaar – ’n plek waar mense na liggaam, siel en gees daagliks rus, herstel en nuwe lewe sal vind.**







Cor en ek dryf tans die projek en is besig om van die bestaande **strukture op te knap** – onder andere die ou parskelder en die parkeerareas. Die grond het baie **potensiaal**, en oor die volgende paar jaar beplan ons om die bestaande geboue **sorgsaam te restoureer.**

Ek is tans ook aktief besig met **befondsing**. As jy dus in die toekoms kom kuier, mag dit dalk jou "duurste" wyn of koffie wees! **Ons gaan binnekort meer deel oor ons vordering en spesifieke behoeftes aan die groter InVia-gemeenskap deurgee.**





Gesels gerus met my of Cor as jy wil bydra! Nogmaals baie dankie vir alles wat tans moontlik gemaak word. Hierdie droom is veel groter as ons, en ek weet dit sal voortleef selfs wanneer ons nie meer hier is nie. Maar intussen – as jy voel jy wil help – is daar 'n hele lys dinge wat ons nodig het: van septiese tenks tot stoele!

## Gesels gerus met my of Cor indien jy wil help!



Dankie aan elkeen wat reeds **saam droom, gee en bid**. Hierdie is 'n saad wat ons plant – nie vir onsself nie, maar **vir geslagte wat ná ons sal kom.**

*Theo*

# SKAAPTREK camino

Skaaptrek is 'n trek na nuwe weivelde tussen die Boesmanland en Bo-Hantam en gebeur jaarliks na reënval onderskeidelik in die somer- en winterreënval-gebiede. Vir Lambert en Elna Brand en hul voorgeslagte is om skaap te trek deel van boerdery in hierdie uitgestrekte landstreek waar enige reën verwelkom word. Skaaptrek het egter 'n skaars gebeurtenis en kosbare ondervinding geword waaraan min die geleentheid het om deel te neem.

**Afgesien van die natuurbelewenis, is Skaaptrek 'n "begeleide" stap met vrae en geleenthede om te besin; om duidelikheid te kry oor lewensvrae, kruispaaie en oorgange.**


Skaaptrek doen iets in 'n mens. Die omgewing is ryk aan ruimte en stilte. Die landskap is uniek met berge, vlaktes, kokerbome, kruiebossies, sterverligte nagte en natuurlik die ritmiese plof van skaappootjies.



Die volgende Skaaptrek is in **Januarie 2026.**

**Kontak** gerus vir Hilke by inviagemeente@gmail.com indien jy belangstel.

skaaptrek







## Om die voetstappe van mens en dier binne die natuur in stilte te kan ervaar was voedsel vir my siel.

Skaaptrek/Skaap Camino - noem dit wat jy wil, maar dit is veel meer as wat die naam beteken. My dogter, Hilke, en haar man Renier, het my genooi om dit saam met hulle te doen. Ek het vinnig **JA** gesê vir die geleentheid om iets saam met my kinders te kan doen.

**My ervaring:**
Die natuur in sy verskillende skakerings was 'n belewenis. Dieselfde gewaar-wording is moontlik met 'n voertuig maar die detail en "deel daarvan wees" gaan ontbreek. Om die sterrehemel in soveel prag en praal te sien besef 'n mens hoe klein en nietig ons as mense in die groter heelal is.

Maar bo al die wonders van die natuur staan die interaksie en verhouding tussen Lambert die boer, Jan en Andrew sy arbeiders, Bekka en Tess sy honde en al die skape bo alles uit. 'n Voorbeeld van die sorg en aandag teenoor jou naaste kon ek nie op 'n beter manier gesien en ervaar het nie. **As ons dit kan regkry om hierdie voorbeeld daagliks uit te leef sal ons van die wêreld 'n beter plek kan maak.**

Die heerlike "kontreikos" wat Elna en Joretha vir ons voorberei het, het van elke maaltyd 'n feesmaal gemaak.

Dankie aan Wium, Lambert en Elna vir 'n ongelooflike ervaring - "once in a lifetime experience".

*Louis*

## "O koud is die windjie en skraal" en "so wyd as die Heer se genade, lê die velde in sterlig" is van my blywende indrukke na die onlange Skaaptrek.










Laat my wonder of Eugène Marais dalk self ook op 'n Winter-Skaaptrek was toe hy hierdie neergepen het?

Ander blywende herinneringe van die Skaaptrek is die betekenisvolle gesprekke met **mede-pelgrims** sonder enige tyddruk op die oop pad, ook die knus saamkuier rondom die vuur na die dag se lang trek. Die skape wat baldadig die smaak van die nuwe veld geniet. Die dragtige ooie wat tydens die trek lam. Die pragtige omgewing wat ons uitsonderlik groen inwag. Natuurlik ook Lambert en Elna se warm gasvryheid en stories oor die omgewing se geskiedenis. Die luuksheid om in eenvoud nader aan die natuur te kom...

Deur dit alles kom die besef dat hierdie 'n **ongenaakbare wêreld** is en ook 'n respek vir mense wat hier 'n bestaan uitbeitel. Ek het groot dankbaarheid vir voorregte wat ek as vanselfsprekend aanvaar.

*Alten*





skaaptrek

## Vir 'n lang ruk na my onderskeidingstydperk smag ek weer na 'n totale wegkom, tot-stilstand-kom, eenvoudig en in die natuur.

Dit, en nog baie meer, is wat die Skaaptrek vir my gebied het. Buiten die ongelooflike spesiale samesyn met my **mede-skaaptrekkers** (wat my liewe pa en man insluit) was die wye stil ooptes, die binne-in die natuur wees, my ritmiese stappende liggaam in gelid met dié van die 532 skape, die eenvoud van kamp langs die pad, die verwondering van 'n lam wat padlangs gebore word, die koue oggendlug teen my vel, geurige kontreikos, en die wonder van skaaphonde wat skape bymekaar hou, 'n ongelooflike reis saam met God wat Homself in alles laat vind.

**Ek het so tuis gevoel.**
**Dit kan net beleef word.**

*Hilke*



# SKAAPTREK IS DALK NIE VIR JOU NIE !

Geen ping vir 5 dae nie
Net die kamera op jou foon het werk
Geen badkamer vir 3 dae nie
Koue waai teen jou gesig en deur jou lyf
Met koue hande slaan ons tente op en weer af,
maak ons vuur, kos en klou ons aan warmer koffiebekers

'n Klompie van ons ontwikkel 'n hink met ons stap
Kilometers op voete en klippe en polle wat paaie ongelyk maak
Eendag skyn die son, die volgende dra ons reënbaadjies
Elke nuwe dag word 'n geboorte
Dae groet ons met kleur op die horison
Pasgebore lammers staan nog bloed bevlek
by beskermende ooie
Mede-pelgrims praat hartsake

Ons word kamerade in verwondering vir die oopte om ons
Ons oë ondersoek horisonne en plant en klip en blom
Oral ontdek ons majestueuse tonele

Stilte staan statig soos die kokerbome
Stilte bly staan deur ons dekades

Hoeveel geheime leef in wortel en stam en blom?
Stilte groei ook binne in my sponsige bestaan
En laat misterie los

Stilte word gebore in die koue uur voor die son opkom
En verwarm my gemoed as die son boom maak
Stilte wat 'n hart warm en kloppend hou
wanneer 'n slaapsak jou maat is terwyl koue druppels
op die tent val

'n Trek word 'n deurgang,
'n terugkeer na jou eie misterie

– Willem







# SKAAPTREK II

Vreemd dat misterie in wye vlaktes se details lê
Misterie, geheime wat jy ken en ook weet dat jy nie ken nie
Wat het ons nomadiese vaders geweet wat ons vergeet het?
In stikdonker gee vuur warmte en lig en stories laat ons lag
En dit is wat ons ken, in die ruimte herken ons sterre en sateliete
En in die swart ruimtes skuil geheime

Aand vir aand word die lag stil en die vuur kwyn
En ons leier haal 'n verweerde kaartjie uit sy hempsak
En lees: "Die Here is my herder" in verskeie vertalings en vertolkings
En ek wonder oor die herder wat voor loop en agter loop
Saam loop deur die skaduwees en donkertes

Wat 'n feesmaal by 'n tafel en feestelikheid om 'n vuur berei
En ek wonder hoeveel ek weet en nie weet nie
Van die geheim wat nou so oop soos die vlaktes is,
Dat die herder in my is, en hoop soos 'n vlam in my koue hart laat brand

Hoop wat geboorte gee aan die volgende dag
Hoop wat my in koue laat opstaan
Hoop wat leef in die warmte van die stemme om my
Hoop wat gestalte kry in die heerlikheid van die ver landskap
Hoop wat ek ken en ook nie ken nie
Hoop wat ver is en naby kom en my stilweg infiltreer

En eendag in rumoer en gedruis storm ek verby stilte en hoop

En smag ek na stilweg bly hoop van binne-af.

- Willem

# *ENNEA* **GRAM**

## My experience with the Enneagram was truly eye-opening.

I realized that I have spent so much time trying to understand the external world that I have often overlooked the importance of self-discovery. How can I hope to navigate the world around me without first understanding myself?

The Enneagram challenged me to confront the inner conversations I so often avoid or delay. **It creates space for honest reflection and meaningful personal growth**. I especially appreciated the opportunity to go through the process with my fiancée, it not only brought us closer but also gave us a much deeper understanding of how to better support and relate to one another.

*Roux*






*Illustration: Paula Gómez Ferraro*

Die InVia in-persoon Enneagram-kursus is lewensveranderend. Dit het my gehelp om myself en ander met meer begrip en deernis te sien. Dit het nuwe insig verleen oor die diep motiverings agter my denke en gedrag. Die veilige, ondersteunende ruimte het eerlike selfondersoek en betekenisvolle gesprekke moontlik gemaak. Hierdie kursus was vir my 'n keerpunt in my reis van persoonlike groei en bewuswording.

*Almarie*

Ek en my verloofde het onlangs die Enneagram-kursus bygewoon, en dit was regtig 'n ongelooflike ervaring. Ek het altyd gewonder of ek maar net "so is" – of hoekom ek is soos ek is – en hierdie kursus het my regtig gehelp om sin te maak van dit alles. **Dit het vir my 'n brug gebou tussen selfaanvaarding en groei**, en ek verstaan nou nie net myself beter nie, maar ook my verloofde.


Wilma het die kursus op 'n fantastiese manier aangebied – **met soveel insig, warmte en humor.** Dit was nie net insightful nie, maar ook lekker! Ons het ook die voorreg gehad om die ander mense in die groep beter te leer ken, en dit was so mooi om te sien hoe uniek elke persoon geskape is en hoe spesiaal ons elkeen se gawes en persoonlikheid is.

*Monike*

**Die Enneagram was 'n insiggewende, transformerende kursus.**
**Die ontdekking van die Self, die ware Self, is van onskatbare waarde.**
Die bewusmaking en journey wat die Enneagram kursus bied vir die res van mens se lewe is amazing! Ek's baie dankbaar en bevoorreg dat ek die kursus kon bywoon, en dit saam met 'n groep lieflike mense in 'n omgewing van vertroue kon doen.
Dankie Wilma vir jou empatiese, insiggewende fasilitering.

*René*






# ENNEA GRAM 2.0

**Die Enneagram 2.0-kursus met Lukie, het my aan die metafoor laat dink dat die 9 persoonlikheidstipes vergelyk kan word met riviere.**

Al die subtipes is sytakke van die riviere wat oorkruis en eventueel die groot oseaan waarín en wat ín ons is, bereik.



Die kursus het my laat dink aan die
**sensasionele beweging van die mens**,
mŷ as mens, wég van fiksasie op die een tipe persoonlikheid
maar in transformasie, mét my unieke "tipe",
die bewus wees van my subtipes as integrasie op my eie persoonlike reis;
altyd vloeiend met die diepe begeerte na my ware self, **waar ek eventueel my medemens, elk met sy eie unieke persoonlikheidstipe, ontmoet in die groot, stil oseaan**
van konneksie,
van beter verstaan,
meer "compassion"
en 'n groter liefde vir elk
wat my pad daagliks kruis.

Ek sou werklik almal aanraai wat die Enneagram gedoen het, om hierdie opvolgkursus van
groei
en ontdek
en wees
en vloei te doen.

Dankie Lukie!

Lorraine

Die Enneagram 2.0-kursus was baie interessant en dit was ook regtig insiggewend om ander se ervarings te hoor en van hulle te leer. Ek is daar weg met 'n bewussyn dat God groot genade vir ons almal het en dat ek daarom genade met myself en met ander moet hê.

Marie-Louise

Die opvolg van die Enneagram-kursus met Lukie was werklik baie insiggewend. Het regtig baie gebaat by die dieper delf in jou nommer.

Ian




Illustration: Joni Majer

# Onderskeidings TYDPERK

Ek het die onderskeidingstydperk ingestap met 'n baie spesifieke idee en plan van hoe alles sal verloop. Ek het gewag vir 'n ontmoeting met die Here in 'n donder- en bliksemstraal. Maar my verwagtinge en planne het net in die pad gestaan van waar en hoe die Here met my wou ontmoet.

Hy het nie 'n bliksemstraal of stormwind gestuur nie, **maar sag en vol liefde gepraat deur die lied van die voëltjies en die stadige beweeg van die wolke. In die oënskynlike niks en alledaagse was God in alle grootheid.**

Grethe











Tydens die onderskeidingstydperk kon ek eintlik net vir ‘n oomblik deur die oog van ‘n naald stap. Ek sê oog omdat dit ‘n tyd was van “waarlik sien” en nie die “suffering” wat ek verwag het nie. Dit was ‘n paar dae van alles neerlê, stil word en regtig teenwoordig wees en sit met wat opkom. Die dinge wat ek beleef het sou nie tot stand kon kom sonder die hele proses, die mense, God en die natuur nie. Ek het met nuwe visie daar uitgestap, met konkrete ervarings wat my regtig in my “inner man” versterk.

*Carmen*

Ek het al baie retreats beleef op my geloofsreis van 69 jaar...maar dié retreat was van die begin af anders...'n Vision Quest waar die Here deur die wysheid van Simon, Theo, mede-Questers, berge, bosse, bobbejane, strome, solo, "surprises" en "sacrifices", my weer, meer en dieper gebring het by my: wie is ek?, waar kom ek vandaan?, hoekom is ek hier?, waarnatoe is ek oppad? en hoe kom ek daar?...dankie DANKIE!

*Ferdinand*

# **IN** *STILTE*

## *Stil Saterdae*

**InStilte Saterdae gee aan die begin van elke maand die geleentheid om tot stilstand te kom en God in afsondering en in stilte te ontmoet.**



*Illustration: Joni Majer*

*"to create some space in which God can act... in which something can happen that you hadn't planned or counted on." - Henri Nouwen*


Hierdie winter het ons o.a by Heilsaam, Rustenberg Wynplaas se labirint en tuin en Oude Leeskamer Kunsgallery ontmoetings gehad.

Ignatius van Loyola, vader van die Jesuïete, was oortuig dat jy God in alle dinge kan vind ("Finding God in All things"), nie net eksplisiet in godsdienstige omgewings nie.

Aan die einde van Junie, in die reën, het die geleentheid hom voorgedoen om by De Oude Leeskamer, met die kunsuitstalling, "Followed by Nine Zeros: Experiments in Deep Time", die meditasie, Vision Divina, te doen.


*"Art becomes the sacrament that opens our hearts to the indwelling Spirit of God. The visible makes the invisible present in a palpable way."*


Met die tema **"Die Ewige Nou"** het ons die kunswerke, geskep deur klank, water, vuur, klei en kaartwerk te gebruik om Die Ewige Nou te ontmoet en weereens te besef dat:



**"God is not subject to time's limitations.** He is not bound by past, present, or future... **Each moment is like a seed that carries within itself the possibility of becoming the moment of change...** We no longer need to run from present time in search of the place where we think life is really happening. **We begin to have a truer vision** of the world and of our lives in relationship to time and eternity."

– Henry Nouwen






Dit was 'n pragtige, vars herfsoggend toe ek in Tokara aankom. Elke Stil Saterdag ontdek ek 'n nuwe, onvergeetlike plek vol betekenis. Vriendelike gesigte omring jou en skep 'n warm gevoel in jou hart.

Die uitnodiging was om te gaan stap onder die olyfbome en jouself af te sonder, tot stilstand te kom en om alleen saam met God stil te word. Ek het so 'n entjie gestap en toe vir 'n lang ruk net gesit en tuur oor die berge, bome en wingerde. Wat 'n voorreg om in die Wynlande te bly!

Die stil stem van God het my hart met vrede gevul. Hy het met my gepraat oor my uniekheid - soos 'n voëltjie en sy getjirp - en oor die seisoene in my lewe. Ek kan nou nog onthou waaroor ons gesprek gegaan het.

Met die terugvoer was daar soveel mooi refleksies en saam kon ons deel wat ons Skepper vir ons elkeen daardie dag wou bring. **Die voorreg en gawe van 'n Stil Saterdag lê in die stilword en -wees, en ook in die samesyn en deel van harte.** Ons het natuurlik gebly en heerlike koffie gedrink en toe sommer ook middagete saam geniet!


Ek mis nie 'n Stil Saterdag as ek dit kan help nie. Anna-lize fasiliteer die dag op 'n wonderlike, sensitiewe manier en laat toe dat die Heilige Gees tyd en plek het om iets in ons harte te doen. Ek is só dankbaar vir haar inisiatief, bereidwilligheid, leiding en kreatiewe benadering.

**Elke Stil Saterdag is 'n unieke ervaring en bring my nader aan God.**

*Ella*

Stil Saterdag by die Oude Leeskamer, was 'n visuele uitbeelding van die Immanuel, die God by ons ...God in tyd wat ons verbind met die verlede, die hede en die toekoms.

*Angela*



The **significance of these silent mornings resonates deeply in the unbroken rhythm they offer.**

For me, as someone who offers spiritual accompaniment and holds these spaces for other people, I realise how important it is for somebody else to hold that rhythm for me, just as I hold the rhythm and space for others.

**It is more than just the rhythm**. The drive before the silence and collective conversations afterwards reveal a tiny part of ourselves. Walking with someone for twenty minutes after these three hours of silence, we connect collectively, in the presence of beauty and God in each other.

When we were asked, "Who are you?", we didn't respond by saying, "What do I do?" or "Who are my family?" or "What is my nuclear empire?" Instead, **we responded by describing our deep call.**

This **silent dedication of time, being in the space of silence, and collective silence is becoming part of a trellis filled with different rhythms and practices.** This allows me to grow and enables me to create the trellises where God can encounter me, I can encounter you, and we can encounter each other.

*I am just noticing these little tendrils expanding, curling, just catching the edge, shifting just outside of those normal lines of communication and ways of being to disrupt things into something beautiful present within the silent time.*

*Wendy*



Ek is so dankbaar vir elke Stil Saterdag. Die Visio Divina aan die hand van die "Followed by Nine Zeros: Experiments in Deep Time" kunsuitstalling het gefokus op die **Ewige nou.**

Ek staan elke keer in verwondering oor die bewuswording dat God Hom op soveel maniere aan ons openbaar. Hy is nie gebonde aan verlede, hede of toekoms nie. Om die hier en die nou te omarm, is om 'n stukkie van die ewigheid te ervaar en God se ewige liefde in ons elke-dag lewe te voel.

Dankie vir jou begeleiding Anna-lize.

*Zahn*






*Illustration: Léa Amati*

Die uitstalling by die Jannie Mouton Leeskamer was 'n magiese visuele- en klankervaring. Die kurator het omskrywings oor die kunstenaars se werk ten opsigte van **"deep time"** gehad. Anne-lize se aanhalings uit Johannes en Henry Nouwen, het 'n stil binne-gesprek begin oor God en Sy tyd – op 'n manier wat 'n sagte wind in die seile van my siel geblaas het.

Ek het nie vir my hele ervaring woorde gehad nie, wat ook die lekkerte van kuns is, om vir 'n slag iewers anderkant woorde te kan grondvat. Tydens die refleksie na die tyd het almal se ervarings my eie insig wyer gemaak.

*Christine*

# SPIRITUAL *Exercises*

**Die Spiritual Exercises, geskryf deur St. Ignatius van Loyola (1491 to 1556), is 'n een-tot-een retreat in jou daaglikse lewe wat fokus op die verdieping van jou verhouding met God deur gebed, meditasie, onderskeiding en 'n weeklikse refleksiegesprek met 'n Spirituele Begeleier.**



*Illustration: Bernardo Ramonfau*

'n Persoon het die opsie om hierdie retreat in afsondering vir 30 dae te doen of oor 'n tydperk van 9 maande in jou daaglikse lewe. By InVia het 'n paar persone al hierdie lewensveranderende "pelgrims"-tog gemaak. Die retreat word verdeel in vier "weke" wat pelgrims lei deur stadiums van selfrefleksie, kontemplasie van Christus se lewe, Sy passie en opstanding, en uiteindelik tot '**n dieper toewyding aan God se wil vir jou lewe.**

*In wese is die Spiritual Exercises 'n transformerende reis:*

· om **God te ontmoet** en **Sy onvoorwaardelike liefde en genad**e te ervaar.
· om oor jou **eie lewensverhaal te besin** in die lig van Sy genade.
· om **nader aan Christus te groei** deur saam met Jesus te wandel deur sy lewe, dood en opstanding.
· om na **God se roepstem te luister** en die uitnodigings in jou lewe te onderskei.
· om **innerlike vryheid te vind** en die "self" te oorwin.
· Die reis nooi jou uit en **verbind jou tot 'n lewe van liefdevolle diens** in die wêreld daar waar jy jouself bevind.

*Anna-lize*

Sedert Februarie is ek op 'n Ignasius-spiritualiteitsreis. Hierdie reis leer my om stadig en aandagtig te leef, en om in elke oomblik bewus te wees van God se liefdevolle blik op my. Dit is die hart van kontemplasie: **om teenwoordig te wees by die Een wat altyd by my is.**

Ignasius se spiritualiteit herinner my dat ek God se liefde nie hoef te verdien nie, **ek is alreeds gegraveer in die palm van Sy hand**. Soos Thomas Merton sê:

*"I believe that the desire to please You does in fact please You."*

Die **weeklikse gesprekke** met my spirituele begeleier help my om **stil te raak en eerlik te reflekteer.** In die gejaag van die lewe herinner hierdie ritme my daaraan dat ek diep geliefd is, dat God my persoonlik ken, vashou en roep. **Dit leer my om stadig en met aandag te leef - intensioneel, teenwoordig by God, by ander, en by myself.**

'n Groot geskenk van hierdie pad is die groei in innerlike vryheid, wat Ignasius "indifference"' noem: om nie vas te hou aan uitkomste of sekerhede nie, maar om met vertroue te leef dat God my lei. Dit is nie passiwiteit nie, maar **'n diepe vrede dat Hy genoeg is, wat ook al gebeur.**

*Karien*




*Illustration: Charlotte Chauvin*

Dit is vir my moeilik om hierdie reis in woorde te beskryf. Dit is '**n stadige belewenis van God in my alledaagse**, wat my wakker maak om “meer te kan sien, hoor en proe” **hoe God my in liefde ontmoet**. Ek giggel vir myself - my reis in nie my ego se strewe na dieper en meer reg doen nie, maar die ontmoeting van my ware self in Christus se liefde wat my eerder aanmoedig tot 'n **“wyer, oper en ligter”** manier van wees.

Die **weeklikse materiaal skep 'n ritme van stilte en gebed** en ek word blootgestel aan 'n skatkis van verskillende maniere van kontemplasie.  Die geestelike begeleiding met Anna-lize is 'n ongelooflike klankbord en spasie vir veilige ontrafeling, ontdekking en bemoediging.

**Ek is diep dankbaar.**

*Hilke*



*Illustration: Charlotte Chauvin*

# IN SIG

*Ont-dek, Ont-leer, Ont-moet*

**Die InSig-reeks “Hoe om God se wil vir jou lewe te onderskei” was ‘n goeie herinnering dat ek nie alleen wonder en worstel oor my plek en doel op aarde nie. Ander sukkel ook met die vrae en die praktiese implikasies van hoe en watter skuiwe om dalk te maak.**



*Illustration: Christopher DeLorenzo*

Sonder om te veel van ‘n “spoiler” te gee vir ander wat nog die kursus wil doen…maar daar is nie ’n regte / verkeerde besluit nie. Net besluite wat meer of minder “life-giving” is. God laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet en soms is Sy opdrag aan ons om self inisiatief te neem / iets nuuts te probeer en Hy sal ons “redirect” as dit nodig is. Dit het my laat onthou van die metafoor van slangetjies en leertjies tydens Sondagskool jare terug: daar is verskillende weë om by God se “purpose” vir jou lewe uit te kom, dit is nie net ‘n reguit lyn nie.

En soos wat ek telkemale leer, meer stilte, meer luister en “sensing” van die bewegings wat God in my diep binneste plaas: dis 101 op hierdie pad.

*Marizanne*

Ek het die reeks "Hoe om God se wil vir jou lewe te onderskei" baie geniet.

Dit het ‘n groot rol gespeel juis op ’n tydstip wat ek ‘n groot besluit moes neem… en doen nog steeds.

Wat vir my uitgestaan het was die video-insetsel van Dr. Trevor Hudson oor die **"The inner movements of our hearts in decision making…"**

Ek kon identifiseer met die **verskillende prosesse wat binne my aan die gang was** en **intieme gesprekke met God hê rondom gewaarwordinge en vrae**, die voor- en nadele opweeg teen mekaar en dit uitstoei in my binneste en met God, dit opweeg teen my diepste verlange van hoe ek wil hê my lewe moet lyk en **uiteindelik ‘n besluit maak uit liefde** en nie verpligting nie en kon toe vir God vra om my besluit te seën met die wete dat wat ek ook al besluit, God stap langs my en in my of dit nou die verkeerde of regte besluit was…

Dankie vir die voorreg om hierdie reeks te kon meemaak.

Dit was vir my kosbaar.

*Lindie*





Illustration: Tete Garcia

# INsirkels

**By InVia verkies ons om van "sirkels" te praat eerder as van "klein-", "sel-" of "omgeegroepe".**

**Hierdie keuse is nie toevallig nie — dis 'n betekenisvolle en doelbewuste formaat.**

**Die sirkel nooi ons uit tot natuurlike oog-kontak, en vorm 'n ruimte waar ons mekaar werklik van aangesig tot aangesig kan ontmoet.**



"Origin of Love," illustration: artist breaxnna

Ek sal graag terugvoer gee rakende die sirkel-ervaring. Ek het dit slegs eenkeer bygewoon. Dit was 'n aangename ervaring waar ek opregte aanvaarding beleef het. Almal het **openhartigheid en opregtheid weerspieël.**

Carien

Om myself in 'n sirkel-maat se skoene te kan sit en die **lewe uit hul oogpunt te sien en voel**, op daardie moment wanneer hulle in hul **diepste egtheid is, verryk my onherroeplik.**

Delarey

# As ek net in woorde kan sit hoe die samesyn van ons Sirkel my hart en lewe al verander het!

Ek is mal oor die hele aand se "formaat". Die maaltyd wat ons aan die begin as groep saam geniet en die gesels en deel is wonderlik. **Hier is daar geleentheid om gemeenskap te bou en mense te leer ken, wat so belangrik is.** Ounin is 'n fantastiese gasvrou en verwelkom elkeen in haar huis en laat mens só tuis voel. Die "**ritueel**" van om in 'n Sirkel te sit en deel, het 'n groot impak op my gemaak.

Ons is almal op dieselfde vlak, kan mekaar **in die oë kyk** en mens kan net jou **opregte self wees.** Daar is geleentheid vir elkeen om in en uit te check en ook te deel hoe hul voel oor die onderwerp onder bespreking. Ounin fasiliteer die gesprek so mooi en met sensitiwiteit.

*Sy laat elkeen belangrik en gesien voel.*

Deur ons eerlike gesprekke en deel gebeur daar iets in jou hart waar die Here kom en jou of troos, help of iets nuuts wys of selfs net weer herinner aan Sy liefde.



*Illustration: Dillon Howling*

Elke keer as ek ry na 'n aand van deel, voel ek ryker, en kan ek sien hoe God in my hart gewerk het. Vir my is die kosbaarste deel van die aand dat ek "**gesien**" en "**gehoor**" is.


Elkeen het 'n stem en elke stem is ewe belangrik - die **"magic" van 'n Sirkel.** Ek gebruik nou dieselfde beginsels by my skool as onderwyser met my leerlinge. Ons begin ons dag met 'n sirkel.

Ek het al so baie gegroei en dit is deur die spesiale kontak en gemeenskap. Ek is so dankbaar vir Ounin se liefde en ondersteuning en vir die geleentheid om deel te wees van só 'n spesiale gemeenskap.

*Ella*

# BergSKOOL

*Vrye tyd ná die vakansie*



**As jy die woord “skool” opsoek sal jy dalk verbaas wees om uit te vind dit het iets te doen met vrye tyd.**

Ek skryf hierdie aan die einde van die skoolvakansie. Dis nie net skool wat weer begin nie, maar ook Bergskool. Twee kampe (MOI en Knysna s’n) gebeur hierdie kwartaal en nog ’n sessie of twee van voorbereiding vir InVia s’n in Oktober. Ek en van die InVia Bergskool-alumni het verlede jaar die eerste MOI Bergskool saam met hulle aan die gang gekry.


Hierdie jaar stap ek ’n pad saam met MOI se eerste groep Warriors ook. Toe ek onlangs wil hoor of hulle nog enigsins iets van hulle kamp van verlede jaar onthou borrel dit by hulle uit.

**Dieselfde klomp wat verlede jaar geen idee kon hê wat vir hulle voorlê nie, kan nou nie wag om hierdie jaar deel te vorm van iemand anders se betekenis nie.**

Alhoewel ons deesdae “skool” nie sommer sal sien as vrye tyd nie, is daar baie daarvan in Bergskool. **Tyd wat vry is van die gewone periodes en patrone om tyd te maak vir dit wat besonders is aan elke persoon. Dis ook vrye tyd wat ander wat al daardeur is opoffer ter wille van iemand anders se belewenis.**

*“Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle op ’n hoë berg gebring waar hulle heeltemal alleen was. Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander,” (Markus 9:2, 1983 Vertaling).*

Hierdie is een voorbeeld van hoe Jesus berge as plekke uit die geraas gebruik het. **Ook as die plek om te verander of te vernuwe.** Daar is min sulke plekke, want dis nie altyd vanselfsprekend dat vrye tyd ook kosbare tyd is nie.



**Dis hoekom ons tyd vir Bergskool in skoolkinders se lewens maak. Dis 'n pouse van al die belangrike leerwerk wat plek maak vir lewensbelangrike leefwerk.**

*Deon*



# Kids@InVia


## Ons tema by die Kinderkerk vir die tweede kwartaal was “Beloftes uit die Bybel”.




Die kinders kon met crafts, stories en speletjies leer en ervaar hoe **God ons beskerm soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke** (Ps 91). Uit Heb 13:5 sien ons dat **God ons nooit, nooit, nooit sal los nie en dat Hy ALLES van my weet** - tot die hoeveelheid hare op my kop (Matt 10)!

Die **nuwe venue by Bontevlei werk lekker op die stoep** - die kinders is nou nie meer so ver van die kerk af nie en daar is lekker **speelplek** vir die kinders op die **grasperk**. Wanneer dit reën is die kinders in die vertrek reg langs die kerk - ons besef dit kan dalk bietjie raas en dankie vir almal se **begrip en geduld totdat ons by ons eie venue op Heilsaam kan begin.**

**Dankie ook vir al die helpers wat elke Sondag vir die kinders spesiaal maak. Indien jy graag wil deel word van die span, kontak gerus vir Melissa of Wilma.**


















Ons sien uit na hierdie kwartaal se temas:

**"Helde uit die Ou Testament" by Kids@Invia, en "Waardes uit die Bybel" by Young Teens.**

Melissa

# INvino

**InVino leef InVia se gemeenskapsdoelwit uit en fasiliteer konneksie tussen mede-gelowiges in 'n ontspanne omgewing.**



Wat 'n absolute onvergeetlike aand van InVino saam by die **Aslina wynproe**! Van die oomblik dat ons ons eerste glas Sauvignon Blanc opgetel het, was dit duidelik dat dit iets besonders sou wees, en dit was werklik so.

'n Groot dankie aan Ntsiki vir nie net die pragtige wêreld van Aslina wyn wat aan ons bekend gestel is nie, maar ook vir die **hart-konneksie** wat sy in die vertrek gebring het met haar warmte, wysheid en genade. Haar **stories van veerkragtigheid** en oorwinning oor teëspoed het nie net ons vermaak nie, dit het ons diep geraak en geïnspireer.

Dit gebeur min dat jy iemand ontmoet wat passie, geskiedenis en egtheid in elke woord kan verweef, en Ntsiki het dit reggekry.



Haar reis is 'n bewys van moed, en om dit eerstehands te hoor, het elke slukkie wyn soos 'n viering van die menslike gees laat voel.

Aan almal wat hierdie gebeurtenis bygewoon het, dankie vir die skep van 'n ervaring wat veel verder gegaan het as net die proe-notas.

**Ons lig ons glas op die stories wat ons herinner het wat werklik saakmaak.**

*Herman*

# Aslina Wyn-proe

Wat 'n voorreg om saam as gemeenskap te kuier by ons kerk se wyngeleentheid – 'n aand gevul met samesyn, inspirasie en ontdekking. Aslina Wines het ons harte (en glase) verower – **'n nuwe gunsteling wat ons nooit sou ken as ons nie daar was nie!**

Zielke




Vir ons inkommers skep InVino 'n **gemaklike, ontspanne en spontane spasie** om ander te ontmoet. Ons Gautengers is baie lief vir wynproe - dit is maar wat ons doen as ons in die Kaap kom kuier het.

Wat vir my uitstaan is die moeite wat elke keer gedoen word om die **unieke stories van die wynmakers en die wyne te vertel.**

'n Mens onthou jou eie storie wanneer jy die storie van iemand anders hoor.

Werklik 'n besonderse spasie.

Inge

# 'N DIGITALE *Apostel*

**Het jy al die InVia app afgelaai?**

**– begeleide meditasies, preeknotas, musiek, die kalender van gebeure, en NOG MEER.**

**Dis jou eenvoudige toegang tot alles wat jy deel van ons geloofsreis maak…**

Groei in konneksie, kontemplasie en bly op hoogte – oral waar jy gaan.

*Alles op een plek.*
*Alles vir jou reis.*

*scan die QR-kode*



**IN***kreatief*
**WOORDFEES**

## By InVia trek ons vanjaar weer ons feesskoene aan en neem deel aan die Woordfees 2025.

Ons bied 'n gespreksreeks, asook 'n musiekvertoning aan wat beloof om 'n fees vir die **oor en gees te wees.**

Die **gespreksreeks** is **gratis** en sluit die volgende twee gesprekke in:




**Boekvrystelling:**
**Ontdoof: Fluisterings in stilte**
**12 Oktober, 10:00 te Bontevlei Venue**

In sy gesprek met Frieda van den Heever **besin Theo Geyser oor die temas van sy boek, wat gebaseer is op sy dekade lange PhD-ondersoek**. Sy werk verken die ontbindende verhouding tussen jongmense en die kerk, en hoe hulle met hul menslike ontmoetings met stilte en betekenis die idee van God herontdek.

Vir meer inligting oor Ontdoof en bespreking, besoek www.invia.org.za

**Stil-weg: Gedagtes oor stilte en vertroue**
**19 Oktober, 10:00 te Bontevlei Venue**

Theo Geyser gesels met **Carel Anthonissen** oor sy **nuwe boek wat lig werp op retreats, die kuns van stilword en geestelike begeleiding.** Dit is 'n viering van die ryke skoonheid van musiek, beeldende kuns, poësie en prosa, en veral die natuur, want in dit alles sien, hoor, ruik, proe en voel ons die goddelike.

Vir meer inligting oor Stil-weg en bespreking, besoek www.invia.org.za

*lees meer en bespreek hier*

# Musikante uit InVia se gemeenskap hou saam konsert: Skrootwerf-evangelie: Gebroke hallelujas en verroeste belydenis

Skrootwerf-evangelie is 'n viering van musiek uit die oeuvres van kunstenaars soos **Leonard Cohen, Joni Mitchell, Tom Waits, Koos du Plessis, Frieda van den Heever en Deon Meiring – dié kunstenaars swyg nie oor dít wat oënskynlik taboe is nie**.

Die produksie nooi die gehoor uit om saam ondersoek in te stel na dit wat onder die vel skyn. In 'n wêreld waar oppervlakkigheid dikwels seëvier, **put ons vreugde uit musiek wat lig in die donker bring**.

Vir meer inligting oor Skrootwerf-evangelie en kaartjies., besoek www.invia.org.za



# IN *ADVENTURE*

## Kaap punt stap en Scone shack kuier





**Om hierdie twee plekke te besoek was op my wenslys vandat ek tydens Covid in die Kaap van Johannesburg aangekom het, maar om alleen te gaan was nie vir my 'n opsie nie. So toe die groep vroeg in die jaar vra om uitstappies te nomineer was dit my eerste keuse en wat 'n WOW ondervinding was dit nie.**

Vandat ek, **so effe verdwaal van sit en droom en rondkyk**, by die parkering gestop het tot ons almal weer by die Scone Shack gegroet het, was ek bewus van die skoonheid om my. **Nie net die skoonheid van die natuur nie, maar die innerlike skoonheid van die klein groepie mense wat opgedaag het vir die uitstappie.**

Daar is **kort-kort gestop** om foto's te neem van mekaar, die omgewing tot die kleinste blommetjies. Daar was nie veel gesteur aan die roete nie en almal het maar net saam gedrentel tot ons weer die eindpunt bereik het.

Die gesprekke het gewissel van "reef safe sunscreen", teater, films, boeke, werk tot mynrampe in Mexiko, en ek kon lekker luister en leer en alles later in my gedagtes deurdink op pad terug stad toe.

Na die tyd het almal moeite gedoen om nog video's en inligting aan te stuur oor alles en wat ons oor gesels het. Ek kon selfs 'n vriend se CV aanstuur aangesien een van die stappers ingestem het om te help werk soek.

Shikara se reëlings was puik en aanwysings en ekstra "links" oor die area vooraf het 'n mens sommer lus gemaak om nog meer te verken. Ry-reëlings, betaal-opsies en nog meer het dit 'n puik ondervinding gemaak.



**Dankie aan almal wat saam gestap, gesels en geëet het. Hopelik doen ons dit gou weer.**

*Bibi*




Ek, my man en dogter het die InAdventure stap by Kaap punt vreeslik baie geniet. Aanvanklik was dit 'n bietjie vreemde besluit aangesien ons niemand anders in die groep geken het en nie geweet het wat om te verwag nie, maar ons het **dadelik ingeskakel en welkom gevoel.**

Om in die natuur, met vars lug en beautiful *views*, saam met ander mense te kon stap was 'n **kragtige kombinasie van fisieke aktiwiteit en sosiale interaksie**. 'n Gevoel van gemeenskap. Almal het gemaklik saam gesels en lag. Na die tyd het ons verder soos ou vriende oor 'n koffie en skons by Scone Shack gekuier. Ons het ontspanne, opgewek en verfrissend daar weggery.

Ek kan dit beslis aanbeveel!!

*Heila*

# INAksie



**InAksie skep geleenthede vir konneksie met gemeenskappe buite ons alledaagse grense.**



Ons het 'n paar kinders se **verjaarsdae** by die **Vineyard huise gevier** en het almal saam gaan **ysskaats tydens die vakansie.**










Vir meer inligting oor die projek kontak **inviagemeente@gmail.com** of besoek gerus **www.invia.org.za/aksie**

Vir finansiële ondersteuning, gebruik die verwysing: **KINDERHUIS**

SnapScan





# #Startwell Inani Pap – Ek Was Honger Projek

## Ons is opreg dankbaar vir elke bydrae wat hierdie projek moontlik maak.


Deur **Startwell Inani Pap** kon ons voedsame pap voorsien aan kleuterskole in die omgewing – pap wat nie net magies volmaak nie, maar wat **gevul is met belangrike voedingstowwe** wat kinders help groei, leer en floreer.


Danksy julle ondersteuning kan ons **elke maand sewe 12 kg-dromme pap versprei na drie kleuterskole in ons gemeenskap.**

Dis pap wat voed, versterk en hoop bring!











## By Womanhood het ons hierdie winter saam dieper asemgehaal.


Ons het saam in die natuur gestap, met blomme gewerk, kleihande gevorm, stories gedeel en stiltes gewaag. Ons het nie net gekyk nie – ons het **gesien**. Nie net gepraat nie – maar **geluister**.

Dankie vir elkeen se teenwoordigheid, elke sagte aanraking van gee en saamwees. Nou staan ons saam op die drumpel van lente – oop vir wat nuut wil ontvou.

Om deel te raak van Womanhood, kontak gerus **Hilke** by inviagemeente@gmail.com














"Steep your life in God-reality, God-initiative, God-provisions. Don’t worry about missing out.

*You'll find all your everyday human concerns will be met."*

*- from Matthew 6 (The MSG)*



# ONDERSTEUN

*ons reis*

*Baie dankie vir jou ondersteuning, dit maak ons reis as gemeenskap by InVia moontlik!*

**Snapscan is beskibaar vir finansiële bydraes:**



BANKBESONDERHEDE:
Bank: ABSA Tjekrekening
No: 9277 510 340

# WAT LÊ *voor*

**AUGUSTUS**

| | |
|---|---|
| 2 | Stil Saterdag |
| 10 | **InSig** - Hoe om God te sien (1) |
| 16 & 17 | Enneagram |
| 22 -24 | Vroue Retreat |
| 7 & 21 | Womanhood |

**SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| 6 | Stil Saterdag |
| 14 | **InSig**: Hoe om God te sien (2) |
| 13 & 14 | Enneagram |
| 4 & 18 | Womanhood |

**OKTOBER**

| | |
|---|---|
| 4 | Stil Saterdag |
| 12 | **InSig**: Hoe om God te sien (3) |
| 2 & 16 | Womanhood |
| 12 | **Woordfees** \| Gratis gesprek en boekvrystelling: **Ontdoof**: Fluisterings in Stilte - Theo Geyser |
| 13 & 15 | **Woordfees** \| **Skrootwerf Evangelie** Gebroke hallelujas en verroeste belydenis. |
| 19 | **Woordfees** \| Gratis gesprek en boekvrystelling: **Stilweg-Gedagtes oor Stilte en vertroue** - Carel Anthonissen |
| 17 - 19 | **Bergskool** kamp |


www.inviagemeente.com
inviagemeente@gmail.com


LEES MEER


invia stellenbosch
inviastellenbosch
InVia Kaapstad
inviakaapstad
invia gemeente
SOUNDCLOUD invia gemeente